

**Skriflesing:** Lukas 1:26-38; Lukas 2:1-7; Mattheus 1:17-25

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 14**

**Sing- Ps. 98: 2,4; Ps. 32:4; Ps. 118:11**

Die geboorte van 'n kind, broeder en suster, is en bly altyd iets besonder. Watter wonder, watter geskenk. Dink maar daaraan toe ons kinders gebore is. Elke geboorte is 'n wonder en tog het ons deel daaraan, ons kry 'n geskenk deur hierdie wonder. Tegelyk wonder en geskenk. God gebruik ons as mense in ons geslagte, man en vrou, deur die daarstelling van die huwelik, deur die daarstelling van geslagsgemeenskap en God laat deur die manlikheid van die man en die vroulikheid van die vrou, soos wat God ons geskape het, nuwe lewe kom! Daarom dat ons so geskok en verslae staan met wat Hiël aan sy kinders gedoen het...

Psalm 139 laat die wonder duidelik hoor – Vers 14-16 - *Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed.* <sup>15</sup> *My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.* <sup>16</sup> *U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.*

Hierdie gedagtes rondom die geboorte van 'n kind maak ons belydenis so aangrypend. Dat daar een Mens op 'n ander wyse sonder die manlike sel, maar tog deur die menslike sel hierdie wêreld ingekom het en gebore is. Hy het God met ons – die IMMANUEL kom word. In alle opsigte net soos ons, aan ons gelyk, maar uitgesonder die sonde. Hy is as Kind gebore, Hy het gekruip, voor Hy kon loop, soos 'n Kindjie sou Hy sy eerste woordjies leer praat, Hy het honger gehad, Hy het dors gehad, Hy het hartseer geword, Hy was bly, Hy het kwaad geword, Hy het met tye swak gevoel, daarom – sê die Hebreër skrywer – kan Hy met ons swakhede medelye hê. Hy weet presies wat ons deurmaak. God die Vader in Christus wil vir ons sê- Ek het jou gemaak, ek ken jou, soos wat ek my Kind gemaak het, soos wat ek Jesus, my eie Kind ken. Elke keer mag ons nog wéér uitroep, watter wonder, watter geskenk!

\*\*\*

Jesus se ontvangenis was anders, was goddelik, is heilig, al is Hy soos 'n gewone mens gebore. Uit God is Hy ontvang, deur 'n mens. In nederigheid is Hy gebore. In 'n krip, waar diere hulle kos kry, is Hy neergelê. Hy kom van die begin af in aanraking met die aardse, die kosmos, die mens, die skepping en al die diere, die plante, die hooi in die krip, dit wat die diere vreet. God en mens, God en skepping kom deur Christus bymekaar. In alles die IMMANUEL.

Dit is asof 'n mens dit net nooit genoeg kan hoor nie. Daaruit kom Jesus se unieke ontvangenis weer duidelik na vore. Ons belydenis sê – **Hy is ontvang van die Heilige Gees.....**Dit sê vir ons, soos wat die engel aan Maria dit kon sê – *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu: Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.....*En wat ons verder aangryp is dat Maria dit gelowig aanvaar – Sy sê vir die engel – *Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord.* Daar is by haar geen opstand, teësinigheid of wat ook al te bespeur nie. Alleen net die gebed – LAAT U WIL GESKIED.....

\*\*\*

Die Heilige Gees bewerk nie net die ontvangenis van Christus deur 'n vrou nie, maar ook word Jesus deur 'n getal ontvang. Die heilige getalswaarde van sewe waaruit Christus gebore sou word, staan ook as deel van sy ontvangenis deur die Heilige Gees. Dit maak die geboorte nog meer uniek.

Mattheus 1 wys in drie dele dat van Abraham tot Dawid was dit veertien geslagte. En van Dawid tot die Babiloniese ballingskap veertien geslagte. En van die Babiloniese ballingskap tot Christus veertien geslagte. Dit is 14 maal 3. Veertien is 'n getal twee maal sewe. So het ons drie maal veertien = ses maal sewe = 42. Die boek Openbaring kom en werk verder met die getal 42. Alles word afgerond met die 42 waaruit Christus se geboorte gekom het en sy wederkoms word weer met 'n 42 afgerond.

Ons lees in Openbaring 12 van 1260 dae, ons lees van tyd, tye en 'n halwe tyd, uitgedruk kragtens twee en 'n halwe jaar, wat alles simbolies heenwys na die tydperk tussen Christus se koms en sy wederkoms. En werk ons 1260 dae uit, of ons werk twee en 'n halwe jaar uit, dan, dan kom ons weereens by 42. 42 maande. 'n Eenvoudige syfer staan selfs in diens van Christus se heilige geboorte, soos wat dieselfde syfer nou nog in diens van Christus se wederkoms staan. Sy eerste koms en sy wederkoms is albei gelyk aan die simboliese getalswaarde van 42. Die Heilige Gees het dit vir ons só uitgewerk.

\*\*\*

Hierdie Gees wat in Maria die lewe gewek het, sonder die hulp van 'n man, maar tog was daar 'n man. Die man Josef wie se voorgeslag die geslag van koning Dawid is. Met hulle huwelik, waar Josef en Maria een sou word, is dit dan ook so dat Jesus uit die geslag van Dawid gebore is, nie na die vlees nie, maar na die versmelting van die huwelik tussen Josef en Maria.

Deur Dawid die nuwe Dawid, Jesus Christus gekom. Hy wat volgens die profeet Amos die vervalte hut van Dawid weer sou kom oprig. (Amos 9:11 – *In die dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd.....*

\*\*\*

Dit het Jesus in sy menslike natuur kom doen. Hy het kom oprig, Hy het kom herstel, Hy wat Koning is. Ons belydenis stel dit só – Sy goddelikheid staan bo-aan, maar dit neem nie weg dat Hy die ware menslike natuur, uit die vlees en bloed van Maria aangeneem het nie. Só het Jesus Self oor sy geboorte besluit. Hoe uniek, dat Hyself kon besluit wanneer, deur wie en waaruit Hy gebore sou word. Wanneer?- in die volheid van die tyd van 3 maal 14 of eerder 6 maal 7. Deur Wie? Deur die werking van die Heilige Gees, deur Wie Christus God is en ewig God sal bly. Waaruit?- Uit 'n vrou, uit die geslag van Dawid, uit sy broers, dat Hy in alles aan ons gelyk sou word, behalwe die sonde.

\*\*\*

Paulus gee vir ons in Galasiërs 4:4-5 'n kort pakkende samevatting as hy ook van hierdie dinge skryf. Paulus sê toe die volheid van die tyd gekom het, (die eerste 42 was vol), toe het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou. En dan voeg Paulus die wet by. Hy sê – *Christus is gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.*

Jesus is uit 'n vrou gebore, maar Hy is ook onder die wet gebore. Dit alles maak sy geboorte so uniek. Die geboorte onder die wet laat ons nie net die krip van geboorte raaksien nie, maar ons sien dan terselfdertyd die kruis van sy bloedvloeiing raak. Op 8 dae het sy bloed al die eerste keer gevloei, toe Hy onder die wet besny moes word. Sy vlees word toe al stukkend gesny, want daar was 'n Wet van God wat bepaal dat seuntjies op 8 dae besny moes word.

In die tempel op die priester se bloed tafel onder die besnydenis mes, ontvang Hy die doop van die Ou Testament. Die belofte wat sê – hierdie is my Kind, Kind van God! Al sou Hy nie erfsonde hê nie, al sou Hyself nie sondig nie, bly Hy nog steeds onder die Wet wat Jesus kom vervul het en daarom as deel van die vervulling daarvan, is Hy besny. Die paar druppels bloed wat aan die besnydenis mes gehang het, was vir Jesus al die begin om vir God te betaal. Die Wet, die geregtigheid van God wat eis dat daar vir die sonde, u en my sonde betaal moes

word. Soos 'n normale seuntjie met sy besnydenis sou bloei, so het Jesus gebloei, maar sy bloei is bloed wat kosbaar is.

Daardie eerste paar druppels bloed wat onder die Wet van besnydenis gestort moes word, was al die begin van sy Middelaarswerk. Dit is al die begin van Sondag 15, waarby ons DV. sal kom... die begin en verstaan van LYDING.. Dit was toe al die begin van die bedekking van my sondes waarin ek voor God ontvang en gebore is.

\*\*\*

Christus se geboorte was werklik 'n wonder. 'n Groter wonder as ons eie geboorte wat alreeds so 'n groot wonder is. Die wonder by Christus is die Heilige Gees met Maria, is die getal 42 van net 'n geslagsregister, is die Koning Dawid met 'n Josef, is die besnydenis onder die Wet wat Hy vervul het, al was Hy maar 8 dae oud.

Sy geboorte is nie net 'n wonder nie, maar ook 'n geskenk. Christus is God se grootste geskenk aan die wêreld. Sy bloed is die geskenk, wat vanaf die bloed tafel deur die besnydenis mes verder sou vloei, tot by die uitsweet in die tuin van Getsémané, tot onder die doringkroon waarmee hulle sy kop stukkend sou maak, die 39 gesel slae waarmee sy rug oop gekerf sou word en die bloed wat uit sy deurboorde hande en voete sou vloei en uit sy sy. Waarlik die Kind van Wie ons sy geboorte vandag bely het, Hy het met sy bloed vir u en my sonde betaal. Kersfees en Paasfees, moet eintlik maar vir ons één fees wees, want Hy is Een. Sy geboorte was ook al vir hom vernedering en lyding, soos wat sy kruis Hom verneder en laat ly het. Hy is **ons Middelaar**, sê ons belydenis, wat my sondes met sy onskuld en volkome heiligheid bedek. Hy is Jesus Christus – WATTER WONDER – WATTER GESKENK?!

AMEN